

HOOFSTUK 4

DIE KENMOTIEF IN DIE AANHEF VAN DIE BRIEF

Daar is opsigtelike ooreenkomste en verskille tussen die aanhef van 1 Petrus en die aanhef van 2 Petrus. Hierdie ooreenkomste en verskille tussen twee briewe wat deur dieselfde skrywer aan dieselfde lesers geskryf is (vergelyk hoofstuk 2 punt 3.2), kan moontlik 'n aanduiding gee van die plek wat die kenmotief in die aanhef van 2 Petrus inneem en word daarom eerste in hierdie hoofstuk ondersoek.

Die aanhef van 2 Petrus toon nie slegs ooreenkomste en verskille met 1 Petrus nie, maar ook met die aanhef van ander Nuwe-Testamentiese en vroeg-Christelike briewe. Hierdie ooreenkomste en verskille word ook ondersoek om te bepaal watter aanduidings dit mag gee met betrekking tot die kenmotief in die aanhef van 2 Petrus.

In hoofstuk 3 punt 6.2 is aangetoon dat die aanhef van 2 Petrus uit drie komponente bestaan, naamlik die bekendstelling van die skrywer, die bekendstelling van die lesers en 'n seënbede. Dit blyk dat die kenmotief in al drie die komponente figureer: soms eksplisiet, soms minder eksplisiet. In hierdie hoofstuk word die voorkoms van die kenmotief in die drie komponente van die aanhef bestudeer.

Sekere woorde wat in die aanhef van die brief voorkom, word dikwels in die liggaam van die brief herhaal (vergelyk byvoorbeeld $\gamma\omega\sigma\iota\varsigma$ in 1:2, 3, 8 en 2:20). Hierdie herhalings gee 'n aanduiding dat daar 'n noue verband tussen die aanhef van die brief en die liggaam van die brief mag bestaan. Voordat daar aan die einde van hierdie hoofstuk tot 'n gevolgtrekking gekom word ten opsigte van die kenmotief in die aanhef van die brief, word daar aandag gegee aan die kenmotief in die aanhef van die brief en die aanduidings wat dit bied met betrekking tot die kenmotief in die liggaam van die brief.

1. Die ooreenkomste en verskille tussen die aanhef van Petrus se eerste brief en die aanhef van die tweede brief

Wanneer die aanhef van 1 Petrus met die aanhef van 2 Petrus vergelyk word, is dit opvallend dat Petrus die aanhef van die tweede brief baie duidelik laat ooreenkom met die aanhef van die eerste brief. Soos in die eerste brief, stel die skrywer homself ook bekend as "Petrus, 'n apostel van Jesus Christus" en is sy seënbede vir hulle ook dat genade en vrede vir hulle vermenigvuldig mag word.

Die verskille tussen die aanhef van 1 Petrus en die aanhef van 2 Petrus is egter ook opvallend. In die tweede brief stel Petrus homself nie net as 'n apostel van Jesus Christus bekend nie, maar ook as 'n *slaaf* van Jesus Christus. Waar Petrus in die eerste brief die lesers ἐκλεκτοῖς παρεπιδήμοις διασπορᾶς noem en die gebiede waar hulle woon uitdruklik vermeld, noem hy sy lesers in 2 Petrus τοῖς ἰσότιμον ἡμῖν λαχοῦσιν πίστιν ἐν δικαιοσύνη τοῦ θεοῦ ἡμῶν καὶ σωτήρος Ἰησοῦ Χριστοῦ en word geen gebiede genoem waar die lesers woon nie. Die woorde ἐν ἐπιγνώσει τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου word in die tweede brief bygevoeg by die bede dat genade en vrede vir die lesers vermeerder mag word.

In die lig van 2 Petrus 3:1 kan aanvaar word dat die lesers wel 1 Petrus onder oë gehad het en dus in die tweede brief moes bemerk dat Petrus afwyk van die eerste brief. Deurdat Petrus van die eerste brief afwyk, nie terugval op 'n blote geykte formule wat in die aanhef van briewe van daardie tyd gebruik is nie¹, maar homself en die lesers op 'n nuwe manier bekendstel, en sodoende die seënbede nuut formuleer, sou die afwyking onmiddellik klem ontvang en die aandag trek.

Dit is veral die woord ἐπίγνωσις wat deur die afwyking op die voorgrond gestel word: deur die byvoeging van die woorde ἐπιγνώσει τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου ἡμῶν wyk Petrus af van die geykte formule wat in seënbedes gebruik is² en die aanhef wat hy in die eerste brief gebruik het.

Daar kan met Fornberg (1977:14) saamgestem word dat die skrywer deur hierdie byvoeging tot die geykte formule die "concept of knowledge" aan die lesers bekendstel.

Petrus stel dus die woord ἐπίγνωσις in die aanhef van die brief op die voorgrond deurdat hy afwyk van die aanhef van 1 Petrus en die geykte formule wat in seënbedes gebruik is.

2. Die kenmotief in die aanhef van Nuwe-Testamentiese en ander Christelike briewe

Hoewel die aanhef van 2 Petrus duidelike ooreenkomste vertoon met ander Nuwe-Testamentiese briewe, is daar een opsig waarin die aanhef duidelik met ander Nuwe-Testamentiese briewe verskil. In nie een van die Nuwe-Testamentiese briewe word die kenmotief as deel van die seënbede gebruik nie. Ook met betrekking tot ander Christelike briewe is die gebruik van ἐπίγνωσις uitsonderlik in die aanhef as deel van die seënbede. Ἐπίγνωσις kom, sover bekend, as deel van die seënbede die eerste keer voor by die laat vierde-eeuse *Constitutiones Apostolicae* (Fornberg, 1977:14).

¹ Vergelyk hoofstuk 3 punt 1.1 waar aandag gegee is aan die geykte formules wat in die aanhef van 'n brief gebruik is.

² Judas 1 en Daniël 4:1, 6:26 toon dat die formule 'n geykte formule was.

Uit voorgaande blyk dit dat Petrus doelbewus die woord ἐπίγνωσις op die voorgrond stel.

3. Die kenmotief en die lesers van 2 Petrus

Om te bepaal watter plek die kenmotief inneem wanneer Petrus die lesers bekendstel, word eerstens aandag gegee aan die voorkoms van woorde waarin die kenmotief na vore tree, en daarna word ondersoek ingestel in watter mate hierdie woord/e die kenmotief dra in die bekendstelling van die lesers.

3.1 Woorde waarin die kenmotief na vore tree in die gedeelte waarin Petrus die lesers bekendstel

Wanneer Petrus die lesers bekendstel, gebruik hy twee woorde waarin die kenmotief moontlik na vore tree, te wete λαχοῦσιν en πίστιν (vergelyk hoofstuk 3 punt 7.1.2 van hierdie studie).

Daar word nou verder ondersoek ingestel om te bepaal of die kenmotief werklik in hierdie woorde na vore tree.

3.1.1 λαχοῦσιν

Volgens Louw en Nida (1988ii:150) kan die woord λαγχάνω in sowel die semantiese veld *Dink* (30)³, as in die semantiese veld *Besit, Oordra, Ruil* (57) aangewend word. Soos in hoofstuk 1 punt 5 aangetoon is, hou semantiese veld 30 verband met die kenmotief. Indien λαχοῦσιν in 1:1 in semantiese veld 30 aangewend word, dra dit wel die kenmotief.

In semantiese veld 30 behels die betekenis waarvoor die woord λαγχάνω gebruik word: die werp van die lot (Louw & Nida, 1988i:363). Die werp van die lot is nie in 1:1 ter sprake nie. Wat wel ter sprake is, is die *besit* van iets (vergelyk punt 3.2.2.1 hier onder). Dit blyk dus dat λαχοῦσιν in 1:1 in semantiese veld 57 aangewend word.

Semantiese veld 57 hou nie verband met die kenmotief nie (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en dit blyk dus dat λαχοῦσιν nie gebruik word om die kenmotief na vore te bring nie.

³ Ter wille daarvan om die semantiese velde en subdomeine ook tipografies aan te dui en te verbesonder, word die benaminge van semantiese velde en subdomeine in hierdie proefskrif konsekwent met hoofletters begin. Ook die syfers en letters wat Louw en Nida (1988i en ii) aan die semantiese velde en subdomeine toegeken het, word gebruik om die velde en domeine aan te dui.

3.1.2 Πίστιν

Uit Louw en Nida (1988ii:198) is dit duidelik dat πίστις in twee semantiese velde gebruik word, naamlik semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en die semantiese veld *Kommunikasie* (33). Soos in hoofstuk 1 punt 5 gemeld is, bring die woord πίστιν, indien dit in semantiese veld 31 aangewend word, die kenmotief na vore, terwyl dit in semantiese veld 33 nie die kenmotief na vore bring nie.

Daar word meestal aanvaar dat die woord πίστιν in 1:1 aangewend word in semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31). Hierdie aanname word eerstens bevestig deur die twee Afrikaanse Bybelvertalings. Die 1933 en 1983 Afrikaanse vertalings vertaal πίστιν met "geloof". Verskeie kommentatore se verklaring van die woord πίστιν dui daarop dat hulle aanvaar dat die betekenis waarvoor πίστιν aangewend word, binne die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* val (vergelyk Bauckham, 1983:168; Brown, 1980:14; Otto, 1967:234; Schelkle, 1988:185 en Van Houweling, 1988:95-96).

Die moontlikheid dat Petrus in 1:1 die woord πίστιν gebruik vir 'n betekenis binne die semantiese veld *Kommunikasie* en in die subdomein *Belofte* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:421), kan egter nie uitgesluit word nie, aangesien daar in 2 Petrus dikwels oor beloftes gehandel word. In 1:4 praat Petrus van die "grootste en kosbare beloftes" wat geskenk is. In 2:19 noem hy dat die valse leraars vryheid belowe. Hy haal in 3:4 die vraag aan van die spotters wat vra waar die belofte van die koms is. In 3:13 word ontken dat die Here die belofte verdraag en in 3:13 word gestel dat 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde volgens belofte verwag word.

Waar Petrus egter die beloftemotief na vore bring, gebruik hy die woorde ἐπαγγέλματα (1:4), ἐπαγγελία (3:4) en ἐπάγγελμα (3:13). Dit sou eienaardig wees indien hy, anders as in die res van die brief, in 1:1 die woord πίστιν daarvoor gebruik. Dit is dus onwaarskynlik dat Petrus in 1:1 πίστιν as verwysing na *belofte* in die semantiese veld *Kommunikasie* gebruik.

Dit is dus duidelik dat Petrus πίστιν in 1:1 in semantiese veld 31 gebruik. Omdat veld 31 met die kenmotief verband hou, kan aanvaar word dat die kenmotief in die gebruik van hierdie woord na vore tree.

3.2 Die kenmotief in die bekendstelling van die lesers soos gedra deur die woord πίστιν

Ten einde vas te stel tot watter mate die woord πίστιν in 1:1 die kenmotief dra, moet die betekenis waarvoor die woord gebruik word, gedefinieer word. Ook moet vasgestel word

watter verband daar bestaan tussen die woord πίστιν en die res van die bekendstelling van die lesers.

3.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord πίστιν in 1:1 aangewend word.

In 3.1.2 is reeds aangetoon dat die woord πίστιν in 1:1 in die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) aangewend word.

Die betekenis waarvoor die woord πίστιν in 1:1 gebruik word, word nou nader gedefinieer volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is.

3.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor πίστιν in 1:1 gebruik word

Louw en Nida (1988i:370, 376-377, 379) dui aan dat die woord πίστις binne semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) in die volgende subdomeine gebruik word:

- * Glo dat iets waar is, (F).
- * Vertrou, Steun op (I).
- * 'n Gelowige te wees, Christelike geloof (J).

Bauckham (1983:168) en Van Houweling (1988:96) stel dat die geloof waarvan daar in 1:1 sprake is, die *fides qua creditur* is. Op grond van hierdie siening kan afgelei word dat hulle aanvaar dat die skrywer πίστιν gebruik vir die betekenis wat Louw en Nida (1988i:379) in subdomein F, betekenis 31.102 weergee, te wete *om die goeie nuus aangaande Jesus Christus te glo en 'n volgeling te word* (31.102).

Die volgende feite wys egter daarop dat geloof in 1:1 eerder gesien moet word as die *fides quae creditur*:

- * In 2 Petrus bestry die skrywer 'n valse leer (vergelyk hoofstuk 2 punt 7.4) en stel hy die ware leer teenoor die valse leer (vergelyk 2 Petrus 1:3-11 en 3:5-13). Dit sou dus logies wees dat Petrus reeds aan die begin van sy skrywe sal handel oor die ware leer waarin die lesers onderrig ontvang het.
- * Die gedagtestruktuur (vergelyk hoofstuk 3 punt 2) toon dat Petrus na die aanhef in 1:3-4 'n kort uiteensetting gee van dit wat deur hom en die ander apostels geleer is. Dit is waarskynlik dat Petrus daarmee ook die inhoud bespreek van die πίστιν is wat die lesers volgens 1:1 ontvang het.
- * Die skrywer van Judas sien πίστις in Judas 3 as geloofsinhoud (Van Houweling, 1993:129-130, Louw & Nida, 1988i:379). Indien Judas 2 Petrus as bron gebruik

het, soos in hoofstuk 2 punt 7.5.3 as moontlikheid gestel is, is dit duidelik dat hy die πίστις waarvan Petrus hier praat as *geloofsinhoud* interpreteer.

In die lig van bogenoemde moet saam met Knoch (1990:234) aanvaar word dat Petrus nie in 1:1 na die "Glaubenshaltung, dem Akt des Glaubens" verwys nie. Petrus gebruik die woord πίστιν in 1:1 dus in subdomein F vir die betekenis *die inhoud van dit wat christene glo* (31.104).

3.2.1.2 Die semantiese veld waarbinne πίστιν in 1:1 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Wanneer die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) met die omliggende semantiese velde *Dink* (30) en *Verstaan* (32) gekontrasteer word, blyk dit dat, terwyl die veld 30 verband hou met die verwerking van inligting en veld 32 met die gebruikmakingsproses van inligting om tot die korrekte begrip of evaluering te kom, veld 31 meer staties is (Louw & Nida, 1988i:349, 380). Daar word, anders as in veld 30, veronderstel dat die inligting reeds verwerk is en dat daar reeds 'n besluit daaroor geneem is.

Πίστιν waarna Petrus in 1:1 verwys, veronderstel dus dat die verwerkingsproses van inligting reeds afgehandel is en daar reeds tot 'n besluit gekom is.

3.2.1.3 Die subdomein waarbinne πίστιν in 1:1 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Die subdomein *om 'n gelowige te wees, Christelike geloof* (J) word deur die subdomein *Vertrou, Steun op* (I) voorafgegaan. Wanneer subdomein J met subdomein I gekontrasteer word, blyk dit dat die betekenis in subdomein J "have an added semantic component of believing a particular set of truths or trusting a particular person, namely Jesus Christ" (Louw & Nida, 1988i:379).

Die woord πίστιν in 1:1 wys dus op 'n oortuiging in verband met 'n spesifieke Persoon, Jesus Christus, of 'n spesifieke stel waarhede.

3.2.1.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne πίστιν in 1:1 gebruik word

Wanneer die betekenis *die inhoud van wat Christene glo* (31.104) met die ander betekenis (31.102-31.103; 31.105-31.107) in dieselfde subdomein gekontrasteer word, is dit duidelik dat die volgende betekenis-komponente uitgesluit is:

* die *daad* om te glo, of nie te glo nie (31.102; 31.105),

- * iemand wat glo, of nie glo nie (31.103; 31.106) ,
- * die *weiering* om te glo (31.107),

Πίστιν in 1:1 verwys dus na die *inhoud* van dit wat geglo word.

3.2.1.5 Die betekenis waarvoor die woord πίστιν in 1:1 gebruik word

Uit bostaande kan afgelei word dat die woord πίστιν in 1:1 na 'n stel geloofswaarhede verwys waaroor tot 'n besluit gekom is en wat reeds aanvaar is.

Die betekenis waarvoor πίστιν in 1:1 gebruik word, sou in Afrikaans met *aanvaarde geloofswaarhede* weergegee kon word.

3.2.2 Die verband van πίστιν in 1:1 met die res van die bekendstelling van die lesers

3.2.2.1 Die wyse waarop die πίστιν verkry is

Die skrywer stel dat die lesers die aanvaarde geloofswaarhede "verkry het" (λαχοῦσιν). Soos reeds in 2.1.1 aangetoon, word die woord λαχοῦσιν in 1:1 gebruik in die semantiese veld *Besit, Oordra, Uitruil* (Louw & Nida, 1988i:572). Λαχοῦσιν word in 1:1 aangewend om die betekenis *om te ontvang, met die implikasie dat die proses op 'n sekere wyse verband hou met God se wil of guns* te beskryf (Louw & Nida, 1988i:572). Petrus beklemtoon dus deur die gebruik van hierdie woord dat die lesers die aanvaarde geloofswaarhede deur die proses van goddelike keuse en goddelike guns bekom het (vergelyk die voorgestelde vertaling deur Louw en Nida (1988i:572): "be chosen to have"). Deur die goddelike keuse deur die woord λαχοῦσιν te benadruk, bring Petrus die lesers eerstens onder die besef dat hulle nie die aanvaarde geloofswaarhede bekom het deur verdienste nie; dit is deur goddelike keuse en guns wat hulle die geloofswaarhede besit.

Daaruit sou afgelei kan word dat Petrus reeds aan die begin van die brief die lesers onder die indruk bring van die kosbaarheid van die aanvaarde geloofswaarhede wat hulle ontvang het en hulle dure verantwoordelikheid daarteenoor.

Wanneer in ag geneem word dat Petrus in die brief valse leraars bestry wat "verderflike ketterye" (3:1) verkondig, word dit duidelik dat Petrus reeds in die aanhef van die brief die lesers lei om 'n keuse te maak. Petrus wil sy lesers lei om hulle teen ketterye te verset deur hulle hul dure verantwoordelikheid ten opsigte van die aanvaarde geloofswaarhede te laat besef.

3.2.2.2 Πίστιν en die "geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus"

Verskeie eksegete (Bauckham, 1983:168; Bigg, 1969:250; Groenewald, 1977:107; Schelkle, 1988:185 en Van Houweling, 1988:96) aanvaar dat Petrus met die woorde $\epsilon\acute{\nu}$ δικαιοσύνη τοῦ θεοῦ ἡμῶν καὶ σωτήρος Ἰησοῦ Χριστοῦ die oorsaak aandui waarom die lesers en die apostels dieselfde geloof ontvang het. Die skrywer stel dus dat Christus, omdat Hy regverdig is (δικαιοσύνη), sonder aansiens des persoon "gelijke rechten geeft" (Van Houweling, 1988:96).

Die woorde $\epsilon\acute{\nu}$ δικαιοσύνη kan ook verstaan word as die geregtigheid wat in Jesus Christus is - die geregtigheid wat God op grond van die verdienste in Jesus Christus aan sy kinders gee (Greijdanus, 1929:236-237, Lenski, 1966:251-252).

Die wyse waarop δικαιοσύνη egter in die res van 2 Petrus gebruik word, wys op 'n ander moontlike verklaring.

In 2:5 word Noag die prediker van geregtigheid (δικαιοσύνης) genoem. Die skrywer bedoel daarmee dat Noag deur sy regverdige leefwyse gepreek het tot die mense wat saam met hom gelewe het (vergelyk hoofstuk 8 punt 1.2.2.3.1.1 vir 'n volledige beredenering). Die regverdige leefwyse van Noag word in 2:5 duidelik gekontrasteer met die leefwyse van die goddelose mense wat ἀσεβῶν was.

In 2:21 praat Petrus van die weg van geregtigheid (τὴν ὁδὸν τῆς δικαιοσύνης). Uit Grundmann (1974:90-91) se verklaring van hierdie woorde is dit duidelik dat die skrywer ook in hierdie vers die woord δικαιοσύνης gebruik om die leefwyse van mense te beskryf. Hy stel dit soos volg:

"'Weg' ist sich verwirklichende Lebenslehre, nicht Lehre als Theorie und Handeln als Praxis, sondern das Ineinander einer Lehre, die zum Handeln anleitet und sich im Handeln verwirklicht ... 'Weg der Wahrheit' ist das durch die Wahrheit bestimmte und von ihr durchdrungene konkret handelnde Leben des Menschen, Weg der Gerechtigkeit das vom Recten bestimmte und es verwirklichende Leben."

Die skrywer gebruik in 3:13 ook die woord δικαιοσύνη wanneer hy skryf "Maar ons verwag volgens die belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon". Dit blyk dat die skrywer met hierdie woorde wil aantoon dat dit die een belangrike eienskap van die nuwe hemel en aarde is dat God se wil nagekom sal word. Hierdie eienskap staan in skerp teenstelling met die leefwyse van die spotters wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel

(3:3). Die bewoners van die nuwe hemel en aarde sal regverdig lewe (vergelyk hoofstuk 9 punt 3.2.4.7 waar 3:13 volledig bespreek word).

Bogenoemde gegewens dui daarop dat Petrus die woord δικαιοσύνη in 1:1 aanwend binne semantiese veld *Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag* vir die betekenis *om te doen wat God verwag* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:744). Hierdie interpretasie word ondersteun deur die feit dat Petrus in die brief die leefwyse van die lesers in die daaropvolgende gedagte-eenheid (1:3-11), aan die orde stel (vergelyk 1:5-7).

Nadat Petrus in die historiese gedeelte van die opsomming van sy leer (1:3-4) beklemtoon het dat daar aan "ons" *gegee* is, omskryf hy in die aanmoedigingsgedeelte (1:5-10) aan die lesers die wyse waarop hulle behoort te leef. Die feit dat die aanmoedigingsgedeelte in 1:5 ook begin met die redegewende "en juis daarom" (καὶ αὐτο τοῦτο δὲ), gee 'n sterk aanduiding van die sintaktiese funksie wat die voorsetsel ἐν in 1:1 vervul.

In 1:5-10 word die lesers aangemoedig tot 'n besondere leefwyse en word dit as die *gevolg* voorgelê van dit wat gegee is. Daar kan daarom tot die gevolgtrekking gekom word dat Petrus, soos in die gedeelte waar die leer van die apostel aan die orde gestel word, ook in 1:1 δικαιοσύνη as 'n gevolg stel van die geloof wat verkry is⁴.

Petrus maak dit dus in die aanhef van die brief aan die lesers duidelik dat die geloof wat verkry is, 'n besondere leefwyse tot gevolg moet hê, te wete 'n leefwyse wat volgens God se wil is.

3.2.2.3 Πίστιν en "ons God en Saligmaker Jesus Christus"

Dit is belangrik om daarop te let dat Petrus δικαιοσύνη in 1:1 kwalifiseer met die genitiewe τοῦ θεοῦ en σωτήρος Ἰησοῦ Χριστοῦ.

Om te bepaal watter funksie hierdie genitiewe inneem, is dit belangrik om daarop te let dat Petrus Jesus Christus in die brief as dié Een voorhou wat 'n regverdige leefwyse eis. Dit is tot sy koninkryk waartoe mense volgens 1:11 toegang verleen word. Hy is volgens 2:1 die Een wat verloën word indien kettery ingevoer word⁵. Ook is dit sy "gebod"⁶ wat die lesers

⁴ Louw en Nida (1988i:783) noem Lukas 1:17 as voorbeeld waar ἐν gebruik word om gevolg aan te dui.

⁵ Vergelyk hoofstuk 8 punt 1.2.2.2.1.4 waar die verloëning van die Here, wat in 2:1 ter sprake gebring word, meer volledig behandel word.

volgens 3:2 moet onthou. Hierdie gegewens gee 'n sterk aanduiding dat die genetiese τοῦ θεοῦ en σωτήρος Ἰησοῦ Χριστοῦ die woord δικαιοσύνη ten opsigte van oorsprong kwalifiseer. Die leefwyse wat in 1:1 ter sprake kom, is 'n leefwyse waartoe Jesus Christus opdrag gee.

Daar is verskil van mening of die skrywer met hierdie woorde na een Persoon of twee Persone verwys. Käsemann (1964:183) en Mayor (1965:81-82) is oortuig dat dié woorde na God en na Jesus Christus afsonderlik verwys.

Die volgende argumente tel ten gunste van hierdie standpunt:

- * In 1:2 maak Petrus 'n onderskeid tussen God en Jesus.
- * Indien θεοῦ na Jesus Christus verwys, is die beskrywing van Christus as ons God "unacceptably bold" (Kelly, 1969:298).

Teenoor eersgenoemde argument kan egter gestel word dat 'n seëngroet waarin na die twee Persone God en Jesus Christus verwys word, in die Christelike briewe baie algemeen gebruik was (vergelyk Paulus se briewe). Dit is waarskynlik dat die skrywer, al het hy in 1:1 na Jesus as God verwys, in 1:2 die geykte formule kon gebruik wanneer na twee Persone van die goddelike Drie-eenheid verwys word.

Wat die tweede argument betref, moet aanvaar word dat die woorde τοῦ θεοῦ en σωτήρος Ἰησοῦ Χριστοῦ deel uitmaak van die aanhef van die brief. Sake wat in die aanhef aangeraak word, is dikwels kort en kragtig gestel, soos blyk uit bykans al die Nuwe-Testamentiese briewe.

Daar moet op grond van die volgende argumente aanvaar word dat Petrus in 1:1 nie na twee Persone verwys nie maar slegs na Jesus Christus:

- * Hoewel dit nie 'n deurslaggewende argument is nie, dui die eenmalige gebruik van die lidwoord voor θεοῦ ἡμῶν daarop dat die lidwoord vir θεοῦ en vir σωτήρος gebruik word.
- * Wanneer daar in 1:2 onderskei word tussen twee Persone, moet ἡμῶν slegs aan θεοῦ verbind word en is die uitdrukking σωτήρος Ἰησοῦ Χριστοῦ wat dan alleen te staan kom, 'n baie eienaardige uitdrukking (Kelly, 1969:298).
- * Die gebruik van θεός vir Jesus, kom, hoewel skaars, tog in die Nuwe Testament voor, byvoorbeeld in Johannes 1:1 (Morris, 1975:76-77); Johannes 20:28 (Morris,

⁶In hoofstuk 6 punt 4.2.5.4 van hierdie studie word aangetoon dat die gebod wat in 3:2 vermeld word, aan die apostels en Jesus Christus behoort. Dit blyk daar dat iemand wat die gebod verwerp, nie net die apostels verwerp nie, maar ook Jesus Christus.

1975:853-854); Romeine 9:5 (Ridderbos, 1959:208; Jonker, 1976:131) en Hebreërs 1:8-9 (Bruce, 1977ii:20; De Klerk, 1951:27).

Die vraag kan gevra word of die feit dat Jesus Christus in 1:1 God en Saligmaker genoem word, enige besondere betekenis het en of dit, soos Kahmann (1983:26) en Kelly (1969:298) beweer, reeds stereotipiese formules is wat sonder werklike betekenis gebruik word.

Die feit dat die skrywer in 1:3 stel dat aan die lesers deur die goddelike krag alles geskenk is tot lewe en godsvrug, laat blyk dat die benaming vir Jesus in 1:1 nie stereotipies gebruik word nie. Die skrywer wil reeds in die aanhef stel dat die inhoud van die aanvaarde geloofswaarheid - die geregtigheid - van goddelike oorsprong en nie van menslike oorsprong is nie.

Die benaming σωτήρος vir Jesus Christus "weist auf seine Funktion für die Menschen in der Erlösungstat hin" (Frankemölle, 1990:89; vergelyk ook Louw & Nida, 1988i:242). Deur die gebruik van hierdie benaming beklemtoon Petrus vir die lesers dat die Een wat die lewe volgens God se wil van hulle eis, die Een is wat hulle verlos het van die slawebande van die sonde. Petrus stel uitdruklik in 2:20 dat die mense die besmetting van die wêreld ontvlug het deur die kennis van Jesus Christus, die Verlosser. Die nadruk wat gelê word op kennis van Jesus Christus, bevestig dat Petrus reeds in die aanhef van die brief die gedagte van vrykom uit die slawebande na vore bring. Hierdie gedagte van vrykom word versterk deur die benaming σωτήρος te gebruik.

3.2.2.4 Πίστιν en die apostels

Die lesers het volgens 1:1 dieselfde aanvaarde geloofswaarheid as "ons" ontvang. Dit is moontlik dat Petrus met die woord "ons" na Joodse Christene verwys (vergelyk Bengel, 1971:761), waarvan Petrus een is. Ook is dit moontlik dat Petrus die aanvaarde geloofswaarheid wat hy en die apostels ontvang het, vergelyk met die aanvaarde geloofswaarheid van die lesers wat Christene uit die heidendom is.

Daar is egter reeds gemeld (vergelyk hoofstuk 2 punt 3.1.1) dat daar nêrens in 2 Petrus sprake is van 'n onderskeid tussen Christene uit die Jodendom en uit die heidendom nie en kan aanvaar word dat Petrus nie met "ons" na Christene uit die Jodendom verwys nie.

Uit die brief blyk dit dat die apostels in 'n bevoorregte posisie bo die lesers verkeer het. Petrus vermeld in 1:16-18 dat die apostels oog- en oorgetuies van die verheerliking was. In 3:2 word die bevoorregte posisie van die apostels weer duidelik. Die lesers was ook in 'n minderbevoorregte posisie as die apostels deurdat hulle die geloofswaarhede ná die apostels ontvang het: die evangelie is immers deur die apostels aan hulle verkondig (1:16; 3:2; 3:15).

Die gedagte sou derhalwe by die lesers kon ontstaan dat die geloof wat hulle ontvang het, minderwaardig is. Teenoor so 'n moontlike gedagte stel Petrus uitdruklik dat die lesers se geloof dieselfde waarde het⁷ as die apostels se geloof.

Die feit dat die leraars wat "verderflike ketterye" ingevoer het (3:1) bestry word, bevestig die interpretasie dat Petrus wil beklemtoon dat die lesers dieselfde geloof as die *apostels* gehad het. Indien die lesers sou dink die geloofswaarhede wat hulle ontvang het, is minderwaardig, sou hulle die waarhede maklik kon verruil vir die "verderflike ketterye" wat die valse leraars volgens 3:2 sou invoer.

Deur te stel dat die lesers dieselfde geloof as die apostels ontvang het, maak Petrus dit dus vir hulle duidelik dat die aanvaarde geloofswaarhede wat hulle verkry het, nie minderwaardig is nie.

Uit die geheelkonteks van die brief is dit egter duidelik dat Petrus met die gedagte van gelykwaardige, aanvaarde geloofswaarhede ook 'n ander belangrike aspek aan sy lesers wil stel. Hy wil naamlik benadruk dat die apostels 'n belangrike rol gespeel het in die lesers se verkryging van die aanvaarde geloofswaarhede. Petrus skryf onder andere dat die apostels⁸ sekere dinge aan die lesers bekend gemaak het (1:16) en dat hy wil hê dat hulle die woorde van die apostels sal onthou (3:2). Petrus verwys ook na die briewe wat die apostel Paulus aan hulle geskryf het (3:15-16). Wanneer Petrus dus in 1:1 stel dat die apostels en die lesers dieselfde aanvaarde geloofswaarhede verkry het, beklemtoon hy daarmee die gemeenskaplike geloofsgrond wat die lesers en die apostels deel (vergelyk Baljon, 1904:170).

Dit is vir die doel van die brief vir Petrus belangrik om sy lesers daarop te wys dat hulle én die apostels in die aanvaarde geloofswaarhede 'n gemeenskaplike geloofsgrond het. Die gevaar het immers bestaan dat sekere van die lesers die aanvaarde geloofswaarhede mag verlaat en die valse lering mag navolg (vergelyk 2:2, 18); daarom verwys Petrus direk aan die begin van die brief na dit wat die apostels en die lesers deel. Met hierdie verwysing na die gemeenskaplike geloofsgrond beoog Petrus om die lesers later te laat besef dat om die valse leraars te volg, geweldige gevolge het. Wanneer iemand wat die gemeenskaplike geloofsgrond met die apostels deel, die valse leraars volg, sou dit daarop neerkom dat die gemeenskaplike geloofsgrond met die apostels gebreek word.

⁷ Die woord ἰσότητιον in 1:1 verwys na dit wat dieselfde betekenis het of gelykwaardig is (vergelyk Louw en Nida, 1988i:589 en Baljon, 1904:170)

⁸ In hoofstuk 7 punt 1.2.3.1 word aangetoon dat "ons" in 1:16 op die drie apostels dui wat tydens die verheerliking teenwoordig was, asook op die ander apostels.

Deur in die bekendstelling te vermeld dat die lesers dieselfde geloof as die apostels ontvang het, maak die skrywer dus twee sake aan die lesers duidelik:

- * Die geloofswaarhede wat hulle verkry het, is nie minderwaardig nie: dit is gelykwaardig aan die geloofswaarhede wat die apostels verkry het.
- * Die gemeenskaplike geloofsgrond tussen die lesers en die apostels word benadruk, sodat die lesers sal besef watter geweldige gevolge die navolging van die valse leraars sal inhou.

4. Die kenmotief en die skrywer van 2 Petrus

4.1 Die skrywer en πίστιν in 1:1

Wanneer die skrywer in 1:1 sê dat die lesers dieselfde geloofswaarhede (πίστιν) as "ons" verkry het, is dit duidelik dat hy daarmee ook meer inligting oor homself gee. Hy het, soos die ander apostels en die lesers, ook die aanvaarde geloofswaarhede verkry.

4.2 Die skrywer as slaaf en apostel van Jesus Christus

Wanneer hy homself in 1:1 bekendstel, beklemtoon die skrywer sy verhouding met Jesus Christus. Hy gebruik egter nie in die bekendstelling enige woorde waarin die kenmotief na vore tree nie.

Dit is egter uit die konteks van die brief duidelik dat die verhouding van die skrywer tot Jesus Christus met betrekking tot die bepaling van die kenmotief van groot belang mag wees. In 1:12-15, waar die kenmotief sterk figureer (vergelyk hoofstuk 6), word die verhouding tussen die skrywer en Jesus Christus duidelik ter sprake gebring (vergelyk hoofstuk 6 punte 1.2.3.3. 2.5.6.1 en 2.5.6.4). In dié gedeelte plaas hy die dinge waaraan hy die lesers herinner in die konteks van sy naderende dood. Hy vermeld ook uitdruklik dat die Here Jesus Christus sy dood aan hom bekend gemaak het. In 1:16-18, waar die kenmotief duidelik in die woord ἐγνώρισάμεν figureer (vergelyk hoofstuk 7 punt 1.2.2), word die verhouding tussen Jesus Christus en die skrywer ook beklemtoon. In 1:16-18 beklemtoon die skrywer dat hy, saam met ander apostels oog- en oorgetuies van Jesus Christus se verheerliking was.

Dit blyk dus dat dit van belang sou wees om aandag te gee aan die verhouding tussen die skrywer en Jesus Christus soos dit in 1:1 aan die orde gestel word.

Daar word vervolgens eerstens aandag gegee aan die feit dat die skrywer homself as slaaf van Jesus Christus bekendstel en tweedens aan die feit dat hy sê hy is 'n apostel van Jesus Christus.

4.2.1 Die skrywer as 'n slaaf van Jesus Christus

Wanneer Petrus homself aan die lesers bekendstel as slaaf van Jesus Christus, bring hy daarmee 'n besondere aspek van sy verhouding tot Jesus Christus na vore: hy is Jesus Christus se eiendom⁹. Dit blyk dat Petrus, deur homself as slaaf van Jesus Christus bekend te stel, aan die lesers duidelik maak dat hy met die brief wat hy aan hulle skryf, aan sy Eienaar getrou is. Hy staan met die skryf van die brief in diens van sy Eienaar.

Daar sal, wanneer die verhouding tussen die skrywer en die lesers in die bepaling van die kenmotief ter sprake kom, daarmee rekening gehou moet word dat die skrywer sy onderworpenheid reeds in die aanhef van die brief beklemtoon het.

4.2.2 Petrus 'n apostel van Jesus Christus

Met die woorde "apostel van Jesus Christus" wys die skrywer "auf das vollmächtige Gesandtsein" (Frankemölle, 1990:89) van hom as skrywer (vergelyk ook Louw & Nida, 1988i:542). Reeds by die aanvang van die skrywe wil die skrywer met die woorde "apostel van Jesus Christus" dit onderstreep dat hy die reg het om hierdie brief te skryf. Hy is 'n apostel van Jesus Christus en mag daarom met gesag in die naam van sy Sender skryf.

Die feit dat die skrywer dit benadruk dat hy met gesag in die Naam van sy Sender, Jesus Christus skryf, behoort in berekening gebring te word wanneer die verhouding tussen die skrywer en die lesers ter sprake kom in die bepaling van die kenmotief in die brief.

5. Die kenmotief in die seënbede

Die plek wat die kenmotief in die seënbede inneem, word bepaal deur eerstens aandag te gee aan woorde in die seënbede, waarin die kenmotief na vore tree. Daarna word tweedens nagevors hoe die kenmotief deur hierdie woord/e in die seënbede gedra word.

5.1 Woorde waarin die kenmotief na vore tree in die seënbede van die brief

In die seënbede (1:2) gebruik Petrus slegs een woord waarin die kenmotief moontlik na vore kom, te wete ἐπιγνώσει (vergelyk hoofstuk 3 punt 7.1.3.). Daar word nou ondersoek ingestel of die kenmotief deur hierdie woord gedra word deur te bepaal in watter semantiese veld en subdomein en vir watter betekenis die woord aangewend word.

⁹ Vergelyk Louw en Nida (1988i:741) vir die betekenis waarvoor δοῦλος in 1:1 gebruik word.

Volgens Louw en Nida (1988ii:98) word ἐπίγνωσις in drie semantiese velde aangewend, te wete semantiese velde *Leer* (27) *Ken* (28), 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en *Verstaan* (32). In die semantiese velde 27, 31 en 32 word dié woord as deel van idiomatiese uitdrukkings gebruik.

Dit is duidelik dat ἐπίγνωσις nie in 2 Petrus 1:2 deel is van 'n idiomatiese uitdrukking nie en daarom kan aanvaar word dat ἐπίγνωσις nie in hierdie vers vir betekenis in die semantiese velde 27, 31 en 32 aangewend word nie.

Dit blyk dus dat ἐπιγνώσει 1:2 vir 'n betekenis in die semantiese veld *Ken* (28) gebruik word. Omdat semantiese veld 28 aan die kenmotief verbind is (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), kan aanvaar word dat die kenmotief in die woord na vore kom.

5.2 Die kenmotief in die seënbede van die brief soos gedra deur die woord ἐπιγνώσει

Ten einde vas te stel hoe die kenmotief deur die woord ἐπιγνώσει gedra word, word die betekenis waarvoor ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word, gedefinieer en word aangedui wat die verband tussen ἐπίγνωσει en die res van die seënbede is.

5.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἐπιγνώσει in 1:2 aangewend word.

Die betekenis waarvoor die woord ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word, word gedefinieer volgens die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is.

5.2.1.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor die woord ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word

In punt 5.1 is aangetoon dat ἐπιγνώσει in 1:2 in semantiese veld *Ken* (28) aangewend word.

Volgens Louw en Nida (1988i:334,336) word ἐπίγνωσις vir betekenis in die volgende twee van die subdomeine binne semantiese veld 28 gebruik:

- * Ken (A)
- * Bekend (B).

In subdomein A word ἐπίγνωσις gebruik vir die betekenis *Om in 'n minder of meerdere mate noukeurige inligting te besit, moontlik met 'n mate van diepgang of bedrewenheid* (28.2). In

subdomein B word die woord gebruik vir die betekenis *die inhoud van dit wat noukeurig bekend is* (28.18).

Om te bepaal of Petrus ἐπιγνώσει vir betekenis 28.2 of 28.18 gebruik, moet eerstens bepaal word watter funksie die genitiewe τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου in 1:2 het. Indien hierdie genitiewe ἐπιγνώσει ten opsigte van oorsprong kwalifiseer, soos Lenski (1966:254) stel, word ἐπίγνωσει vir betekenis 28.18 aangewend. Indien Petrus egter τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου as objektiewe genitiewe gebruik, soos Picirilli (1963:35) aanvaar, gebruik Petrus ἐπιγνώσει in subdomein 28.2. Picirilli (1963:35) toon egter oortuigend aan dat Petrus die woord ἐπίγνωσις regdeur die brief aan 'n persoonlike objek verbind. Daarmee toon hy oortuigend aan dat ook τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου in 1:2 as objektiewe genitief by ἐπιγνώσει beskou moet word.

In die frase ἐπιγνώσει τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου word die inhoud van dit wat geken word, dus deur die objektiewe genitief gedra en word dit nie in die woord ἐπίγνωσει vervat nie. Hieruit kan gekonkludeer word dat ἐπίγνωσει in 1:2 nie in subdomein B gebruik word nie, maar wel in subdomein A vir betekenis 28.2.

5.2.1.2 Die semantiese veld waarbinne ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Wanneer die semantiese veld *Ken* (28) met die omliggende semantiese velde *Leer* (27) en *Geheue en herinner* (29) gekontrasteer word, blyk dit dat veld 28 verband hou met die besit van inligting, terwyl veld 27 verband hou met die verkryging van inligting en veld 29 met die berging van inligting. Dit is duidelik dat veld 28 volg op veld 27, aangesien die besit van inligting veronderstel dat die inligting reeds verkry is.

Die kennis wat Petrus in vers 2 ter sprake bring, veronderstel dus dat inligting reeds verkry is.

5.2.1.3 Die subdomein waarbinne ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Dit is uit Louw en Nida (1988i:334) duidelik dat die betekenis in die semantiese veld *Ken* (28) in die volgende vyf subdomeine verdeel kan word:

- * Ken (A)
- * Bekend (B)
- * Goed bekend, Duidelik aangedui, Geopenbaar (C)
- * Kenbaar (D)
- * Onkenbaar (E)

Die kontrastering van hierdie subdomeine lewer egter geen betekenisvolle inligting op vir die nadere definiëring van die betekenis waarvoor ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word nie.

5.2.1.4 Die betekenis waarvoor ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word in die geheelkonteks van ander betekenis in dieselfde subdomein

Die kontrastering van die betekenis binne die subdomein *Ken* laat blyk dat ἐπιγνώσις soos die ander betekenis in die subdomein, verband hou met die besit van inligting. 'n Onderskeidende betekenis-komponent van ἐπιγνώσις is egter dat die woord gebruik word om inligting wat in 'n mindere of meerdere mate afgebaken is, aan te dui. 'n Verdere onderskeidende betekenis-komponent is dat die woord moontlik 'n mate van diepgang of bedrewenheid veronderstel.

Petrus se gebruik van die woord ἐπιγνώσις elders in die brief, dui daarop dat Petrus met hierdie woord nie slegs maar die blote besit van inligting wil aandui nie. In 1:3 word ἐπιγνώσις as die instrument aangedui waarmee heilsgoedere gegee word (vergelyk hoofstuk 5 punt 1.2.2.1.5), in 1:8 word aangetoon dat hierdie kennis afhanklik is van die aard van 'n mens se leefwyse (vergelyk hoofstuk 5 punt 2.4.7.1) en in 2:20 word beklemtoon dat ἐπιγνώσις invloed uitoefen op 'n mens se leefwyse. Op grond van hierdie betekenisnuansering kan afgelei word dat Petrus in 1:2 met die woord ἐπιγνώσει 'n diepgaande besit van kennis wil aandui.

Of hierdie diepgaande besit van kennis dui op die "fundamental saving knowledge" (Bauckham, 1983:170) of op die "decisive knowledge of God which is implied in conversion to christian religion" (Bultmann, 1976:707) of op die "conversion-experience of coming to the knowledge of God and the Lord Jesus" (Piccirelli, 1975:93), moet in die lig van Petrus se gebruik van ἐπιγνώσιν in 1:9 betwyfel word. Uit 1:9 blyk dit dat Petrus vermeerdering (vergelyk hoofstuk 5 punt 2.4.7.1) in die ἐπιγνώσις veronderstel. Indien Petrus met ἐπιγνώσις na die "fundamental saving knowledge" verwys, sou groei in hierdie kennis nie moontlik wees nie.

Petrus verwys dus in 1:2 met ἐπιγνώσει na 'n diepgaande besit van kennis wat kan groei en toeneem. Aangesien dit nie oor 'n toename of groei in die *hoeveelheid* kennis gaan nie, maar oor 'n toename of groei in die *besit* van kennis, kan die aard van die groei beskou word as 'n groter verdieping of verinniging van die persoonlike verhouding met God en Jesus Christus wat wesentlik aan die kennis is (vergelyk punt 5.2.1.1).

5.2.1.5 Die betekenis waarvoor die woord ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word

Uit die voorgaande studie blyk dit dat die kennis wat Petrus in 1:2 ter sprake bring, veronderstel dat inligting reeds verkry is. Ἐπιγνώσει in 1:2 dui kennis aan wat in 'n mindere of meerdere mate afgebaken is en veronderstel 'n diepgang deurdat 'n innige en persoonlike verhouding bestaan.

Dit blyk dat die betekenis waarvoor die woord ἐπιγνώσει in 1:2 gebruik word in Afrikaans met *diepgaande kennis* weergegee kan word.

5.2.2 Die verband van ἐπιγνώσει in 1:2 met die res van die seënbede

5.2.2.1 Ἐπιγνώσει en die vermeerdering van genade en vrede

Die toewens van "genade" en "vrede" kom algemeen voor in die aanhef van Nuwe-Testamentiese briewe en Petrus sluit hierby aan as hy in 1:2 sy lesers hierdie twee seëninge toewens.

Picirilli (1963:33) wys daarop dat ook die uitspraak van die begeerte dat die genade en vrede *vermeerder sal word* (πληθυνθείη), algemeen gebruiklik was in die aanhef van briewe. Soortgelyke begeertes word in 1 Petrus, Judas 2 en Daniël 4:1 en 6:26 uitgespreek. Die feit dat Petrus egter die vermeerdering van genade en vrede met kennis in verband bring, is uniek. Deur in hierdie opsig af te wyk van die gewone seënbede, onderstreep Petrus reeds by die aanvang van die brief die belangrikheid van kennis.

'n Belangrike vraag is egter watter funksie die voorsetsel ἐν in die sin inneem. Dui dit kennis as middel aan waardeur genade en vrede vermeerder sal word, of dui dit kennis aan as bron waaruit genade en vrede vermenigvuldig kan word? Picirilli (1963:34) merk tereg op dat die skrywer ἐν in albei funksies aanwend. Om die vermenigvuldiging van genade en vrede te verkry, stel Picirilli (1963:34) dat "one must go the place where it is found, which becomes, in turn, the means of obtaining it, as well as the source". Hoewel Greijdanus (1929:238), aanvaar dat ἐν op "de sfeer, het element, den bodem" wys, erken hy dat die instrumentele betekenis tog ook daarmee saam uitgedruk word.

Dit blyk dus dat Petrus in die aanhef van die brief die diepgaande kennis stel as bron waaruit genade en vrede vermeerder kan word. Hierdie kennis is egter ook die middel waarmee die genade en vrede vermeerder word.

5.2.2.2 Die diepgaande kennis en die objek/te van die kennis

Die objek van die diepgaande kennis van 1:2 word gevind in die objektiewe genitief τοῦ θεοῦ καὶ Ἰησοῦ τοῦ κυρίου ἡμῶν. Anders as wat Lenski (1966:254) stel, moet aangeneem word

dat Petrus met hierdie woorde na die twee Persone van God die Vader en Jesus Christus, afsonderlik verwys. Hierdie standpunt word ondersteun deur die feit dat 'n verwysing na God en na Jesus Christus as twee afsonderlike Persone in die seënbede van Nuwe-Testamentiese briewe baie algemeen is (vergelyk Rm. 1:7; 1 Kor. 1:3; 2 Kor. 1:2; Gal. 1:3; Ef. 1:2; Fil. 1:2; 2 Ts. 1:2; 1 Tm. 1:2; 2 Tm. 1:2; Tt. 1:4; Filem. 1:3). Daar kan aanvaar word dat Petrus in die seënbede aansluit by Paulus, vir wie hy baie agting gehad het (vergelyk 3:15-16).

Die vraag sou egter gevra kon word of Petrus in 1:1 met τοῦ θεοῦ na Jesus Christus sou verwys en dan in die volgende vers na God die Vader. Wanneer 1:1 en 1:2 vergelyk word, blyk dit egter dat daar opvallende verskille is wat impliseer dat τοῦ θεοῦ nie op dieselfde Persoon dui nie. In 1:1 is daar immers net een lidwoord τοῦ vir sowel θεοῦ as Ἰησοῦ Χριστοῦ, terwyl Petrus in 1:2 twee lidwoorde gebruik. Ἰησοῦ in 1:1 is 'n eienaam terwyl σωτήρ in 1:2 'n persoonsnaam is wat as eienaam gebruik word. Die genitief ἡμῶν word in 1:1 ná τοῦ θεοῦ geplaas en in 1:2 ná Ἰησοῦ τοῦ κυρίου. Petrus verwys dus in 1:2 na twee Persone, te wete na God die Vader en na Jesus.

Die vraag ontstaan egter waarom Petrus na albei Persone verwys. Calvyn (1976:328) stel dit oortuigend dat die skrywer daarmee leer langs watter weg God geken kan word: alleen deur kennis van Jesus kan die mens kom tot kennis van God. Deur die benaming Jesus by te voeg stel die skrywer dus geen tweede objek van kennis naas God nie. Kennis van Jesus impliseer ook die kennis van God (Bolkestein:1977:245). Daaruit blyk dat die kennis van Jesus Christus, wat Petrus dikwels in die brief ter sprake bring, altyd met die kennis van God in verband gebring moet word.

Petrus voeg by die naam Jesus ook die titel κυρίου. Hierdie titel word herhaaldelik in die res van die brief gebruik vir Jesus Christus, naamlik in 1:8, 11, 14, 16; 2:20; 3:2, 18. Die woord κύριος word in verskeie semantiese velde gebruik (vergelyk Louw & Nida (1988ii:149). Hier word dit egter as titel vir Jesus gebruik en wys dit op sy bonatuurlike gesag oor die mensdom (vergelyk Floor, 1981:88-89 en Louw & Nida, 1988i:139). Reeds aan die begin van die brief beklemtoon Petrus dus dat Jesus Christus geken moet word as Here, as gesagvoerder, as regeerder.

Dit word duidelik dat Petrus met die titel κύριος die leefwyse, wat hy deur die woord δικαιοσύνη in 1:1 ter sprake gebring het (vergelyk punt 1.2.2.2), verder uitbou. Die leefwyse in ooreenstemming met God se wil wat Jesus Christus eis (volgens 1:1, vergelyk punt 1.2.2.2), hou in dat Hy as κύριος, as gesagvoerder en regeerder erken word.

5.2.3 Die kenmotief in die aanhef: die aanduidings wat dit bied met betrekking tot die kenmotief in die liggaam van die brief

Du Plessis (1989:267) toon in 'n ontleding van die Nuwe-Testamentiese briewe Filemon, Filippense en Galasiërs aan dat daar in elk van hierdie briewe se aanhef "struktuurmerkers" voorkom wat opsommings is van dit wat in die res van die liggaam van die brief uiteengesit word. Du Plessis (1989:5) definieer 'n struktuurmerker as "terme of woordgroepe wat in die inleiding van 'n brief voorkom en wat bepaalde sake merk of aanstip wat vir die verstaan van die brief noodsaaklik is".

Wanneer 2 Petrus in die lig hiervan beoordeel word, is daar duidelike aanduidings dat daar in die aanhef van die brief sekere "struktuurmerkers" voorkom wat moontlik as opsommings dien van dit wat in die liggaam van die brief uiteengesit word. Die volgende opsigtelike aanduidings van "struktuurmerkers" word in die aanhef van die brief gevind:

- * Die woord ἐπιγνώσει
Petrus gebruik ἐπίγνωσις in 1:2 en weer in 1:3, 8 en 2:20. Die semanties-
verwante γνῶσις gebruik hy in 1:5, 6 en 3:18.
- * Die woord δικαιοσύνη.
Δικαιοσύνη word in 1:1 gebruik en word herhaal in 2:5, 21 en 3:13. Woorde
wat semanties verwant is aan δικαιοσύνη kom ook voor in 2:7, 8, 9, 15.
- * Die woord σωτήρος.
Jesus word in 1:1, 11 en 3:2 σωτήρος genoem.
- * Die woord κυρίου.
Die woord κύριος word buite die aanhef van die brief in 1:8, 11, 14, 16; 2:9, 20
en 3:10, 15, 18 herhaal.

Hierdie "struktuurmerkers", wat al vier met die kenmotief verband hou (vergelyk 5.2.1.5, 3.2.2.2), gee 'n aanduiding dat die kenmotief ook 'n *belangrike* plek in die res van die brief inneem.

Die wyse waarop Petrus vanaf die aanhef van die brief na die uiteensetting van die leer van die apostel (1:3-11) oorgaan, dui ook daarop dat dit wat in die aanhef van die brief geskryf is, baie nou aansluit by die res van die brief. Ná die seënbede begin Petrus die volgende perikoop met die partikel ὡς.

Reicke (1982:152) en Grundmann (1974:68-69) is van mening dat 1:2 en 1:3 heeltemal los van mekaar staan en dat ὡς aan die begin van 1:3 nie na 1:2 terugverwys nie maar vorentoe verwys na 1:3-7. Om hierdie beskouing te regverdig, verklaar hulle 1:3-7 as 'n voorwaardesin met 1:3-4 as die protasis en 1:5-7 as die apodosis. Dit is egter baie moeilik om καὶ αὐτὸ τοῦτο δὲ in 1:5 as inleiding vir 'n apodosis te sien.

'n Beter alternatief is om soos Bauckham (1983:173) te aanvaar dat daar nie 'n skeiding tussen die aanhef en die res van die brief bestaan nie. Deur die gebruik van ὡς aan die begin van 1:3 lei die skrywer sonder enige definitiewe breuk vanaf die inleiding die res van die brief in (vergelyk Bauckham 1983:173).

Die besondere band tussen die aanhef en die res van die brief dui daarop dat die kenmotief nie net in die aanhef nie maar ook in die res van die brief 'n belangrike plek inneem.

6. Gevolgtrekkings

6.1 Die verskille tussen die aanhef van Petrus se eerste brief en die aanhef van sy tweede brief

6.1.1 Die woord ἐπιγνώσει word in die aanhef van 2 Petrus beklemtoon deurdat die skrywer afwyk van die aanhef wat hy in 1 Petrus gebruik het. Ook die afwyking van die geïkone seënbede beklemtoon die woord ἐπιγνώσει in 1:2.

6.2 Die kenmotief in die aanhef van Nuwe Testamentiese en ander Christelike briewe

6.2.1 Anders as wat die gebruik in die Nuwe-Testamentiese literatuur is, sê die skrywer in die seënbede dat die vervulling ἐν ἐπιγνώσει plaasvind. Daardeur bring hy doelbewus die woord ἐπιγνώσει onder die lesers se aandag.

6.3 Die kenmotief en die lesers van 2 Petrus

6.3.1 Deur die gebruik van die woord πίστιν in 1:1 bring Petrus die kenmotief na vore in die gedeelte waarin hy die lesers bekendstel.

6.3.2 Die woord πίστιν in 1:1 verwys na 'n stel geloofswaarhede waarvoor daar tot 'n besluit gekom is en wat aanvaar is.

6.3.3 Die skrywer maak dit duidelik dat die aanvaarde geloofswaarhede nie deur verdienste bekom is nie, maar deur goddelike keuse en guns. Reeds in die aanhef van die brief druk die skrywer die kosbaarheid van die waarhede die lesers op die hart. Daardeur wys hy die lesers implisiet op hulle verantwoordelikheid om, in die lig van die aanslag van die valse leraars, aan hierdie waarhede vas te hou.

- 6.3.4 Die geloofswaarhede wat die lesers ontvang het, lei tot 'n besondere leefwyse - 'n leefwyse wat volgens God se wil ingerig is. Hierdie leefwyse word deur Jesus Christus van die gelowige geëis. Petrus beklemtoon egter ook dat die Een wat 'n lewe volgens God se wil eis, ook die Een is wat verlos het van die slawebande van die sonde.
- 6.3.5 Die skrywer maak dit duidelik dat die aanvaarde geloofswaarhede wat die lesers ontvang het, nie minderwaardig is teenoor die geloofswaarhede wat die apostels ontvang het nie en beklemtoon die gemeenskaplike geloofsgrond wat die lesers en die apostels ten opsigte van die waarhede het.
- 6.4 Die kenmotief en die skrywer van 2 Petrus**
- 6.4.1 Die skrywer maak dit duidelik dat ook hy die geloofswaarhede verkry het.
- 6.4.2 Wanneer hy homself bekendstel, beklemtoon die skrywer dat hy 'n slaaf van Jesus Christus is en in die skrywe van die brief voluit in diens van Jesus Christus staan. Daar sal, wanneer die verhouding tussen die skrywer en die lesers in die bepaling van die kenmotief ter sprake kom, in gedagte gehou moet word dat die skrywer sy onderworpenheid aan Jesus Christus in die selfbekendstelling beklemtoon het.
- 6.4.3 Die skrywer lê in die selfbekendstelling daarop nadruk dat hy as gesant van Jesus Christus die brief aan die lesers skryf. Hierdie beklemtoning behoort in berekening gebring te word wanneer die verhouding tussen die skrywer en die lesers in die bepaling van die kenmotief aan die orde gestel word.
- 6.5 Die kenmotief in die seënbede**
- 6.5.1 In die seënbede word die kenmotief deur die woord ἐπιγνώσει gedra.
- 6.5.2 Die woord ἐπιγνώσει word in 1:2 gebruik om 'n diepgaande kennis wat uit 'n persoonlike en innige verhouding bestaan, tot uitdrukking te bring. Hierdie kennis veronderstel dat inligting reeds verkry is.
- 6.5.3 Die diepgaande kennis wat in 1:2 ter sprake gebring word, word deur die skrywer gesien as bron waaruit en as middel waarmee die seëninge genade en vrede vermeerder word.

- 6.5.4 Sowel God die Vader as Jesus Christus word as objekte van die diepgaande kennis gestel. Petrus maak daarmee duidelik wat die weg is waardeur God die Vader geken kan word, naamlik deur Jesus Christus. Die "kennis van Jesus Christus" wat in die res van die brief ter sprake kom, behoort daarom altyd met die kennis van God die Vader in verband gebring te word.
- 6.5.5 Petrus beklemtoon dat die kennis van Jesus Christus behels dat Hy as gesagvoerder deur die mense erken moet word.
- 6.6 Die kenmotief in die aanhef: die aanduidings wat dit bied met betrekking tot die kenmotief in die liggaam van die brief**
- 6.6.1 Petrus gee reeds in die aanhef van die brief 'n aanduiding dat die kenmotief 'n belangrike plek in die brief sal inneem.